Ps. 146: 3, 8
" 81: 12, 13, 15.
" 130: 3, 4.

# DIE DAL DES DOODS 'N DEUR VAN HOOP.

Jozua 7:1-26. Dag Verootmoediging
Hosea 2:1-2,10-22 Potch K. 31.1. 56.

Hosea 2:14m - En die dal Agor tot 'n deur van hoop.

Baie mense noem 'n byeenkoms soos hierdie 'n b biddag vir reën. Hoewel ons die uitdrukking en die doel daaragter verstaan, is dit tog nie reg nie. Want ons kom nie hier bymekaar in die eerste plek om te bid vir reën nie - daarvoor kan ons net so goed dit in ons huise of daar buite doen. Ons is hier bymekaar omdat God ons hierheen gedryf het in ons nood. En ons doel is dan ook bo alles om van God te verneem waarom ons sy kastydende, tugtigende hand moet voel in die ernstige droogte wat ons distrik en onmiddelike omgewing tans moet deurworstel. Vgl. ander dele van ons :

Die vraag het by sommige mense opgekom: Maar waarom nou 'n spesiale byeenkoms belê as ons ons Sondagdienste het waarin ons ons behoefte en nood voor God kan lê? My antwoord daarop is dit: As ons dit werklike erns meen met ons nood, as ons eerlik is om te verneem waarom God ons langs hierdie weg besoek, dan sal ons bereid wees om baie groot opofferinge te doen, dan moet ons bereid wees om groot opofferinge te doen om die stem en die wil van God te kom verneem. Daarom is ek persoonlik baie jammer dat dit nie moontlik wasom 'n diens gedurende die dag te bepaal met sluiting van alle besighede en bedrywighede vir 'n bepaalde tyd as getuienis dat ons dit waaragtig erns meen met ons smeking voor God. Ek vertrou van harte dat in 'n dergelike toekomstige noodtoestand dit moontlik sal wees.

Maar dit nou daargelate. Ons as Skrifgelowiges glo dat Gods Woord vir alle omstandighede van ons lewes 'n boodskap het - ook vir die ernstige droogte waarin ons tans verkeer. Hierdie boodskap kom vanaand tot ons in die teksvers van Hosea 2:14m - En die dal Agor tot 'n deur van hoop".

⊗ Jozua } draer van heil
Hozea } " " "
Jesus } " " "

Die dal van Agor ten suidweste van Jerigo geleë, het in die geskiedenis van Israel 'n onheilspellende klank gehad as gevolg van die merkwaardige gebeure wat hulle in die dal afgespeel het tydens Israel se intog in Kanaan. Soos die Here van alles die eersteling wil hê het Hy ook die eersteling van die stede van Kanaan vir Homself opgeeis. Die hele rykdom van die stad moes as 'n groot brandoffer aan Hom gewy word. Een man was daar egter - een man onder 'n ganse volk, let daarop - wat van die rykdomme vir homself wou toeeien. Hy kon dit nie oor sy hart kry dat soveel weelde so moet verlore gaan nie Judas & Anania - en daarom van die goed vir homself wederregtelik toegeeien in die stellige verwagting dat niemand daarvan weet nie en dat niemand dus sou praat nie. In hierdie geskiedenis, waarna Hosea weer verwys op 'n tydstip as die volk op die punt staan om weggevoer te word uit dieselfde Kanaan, sien ons agtereenvolg:

## I. DIE BANVLOEK OOR 'N VOLK AS GEVOLG VAN VERBORGE SONDE:

Niemand het gesien wat Agan gedoen het nie. Geen haan sou daarna kraai nie - so het Agan heimlik gedink. Sy sonde was dus 'n verborge sonde: 'n sonde wat so ernstig was, nie omdat hy die heidene van Jerigo daarmee benadeel het nie, maar omdat hy God besteel het. Gewoonlik sien ons dit net anders: as iemand sy broer se motorkar, sy leiwater, sy beeste of skape of sy geld besteel, dan roep ons in verontwaardiging uit: Lae dief! Sleep hom voor die hof! Maar voel ons net so verontwaardig as iemand God besteel? Inteendeel - sulke diewe gaan nie tronktoe nie, word nie deur howe gestraf nie: hulle loop skotvry - want wie kan iets bewys? Hier is b.v. een wat God sy tyd beroof, daar een wat God sy geld beroof, daar 'n derde wat God sy eer beroof - en nogtans bly hu 'n eerbiedwaardige lid van sy kerk, dien miskien as ouderling of diaken,

neem 'n verantwoordelike plek in die openbare lewe in, word deur almal geëerd en gerespekteerd - maar al die tyd het hy God besteel! Ook Agan het 'n dapper soldaat in die leër van Gods volk gebly solank sy sonde verborge gebly het! En heelwaarskynlik het hy geredeneer: Dis my saak as ek myself ook 'n slaggie wil verryk - solank die ander net nie van die saak weet nie!

II. 'N HELE VOLK WAT BOET VIR EEN MAN SE SONDE:

En so gryp Agan van die pragtige mantels, die goud en die silwer en gaan steek dit weg in sy tent - met rampspoedige gevolge. Want net so wonderlik as die oorwinning oor Jerigo was - sonder slag of stoot - net so ontsettend is die nederlaag by Ai: onverklaarbaar dat 'n oormag van Israeliete verslaan word deur 'n handjievol inwoners van Ai - met die pynlike verlies van 36 lewens. Diepe verslaenheid maak hom meester van die volk: wat het God dan nou besiel om dit toe te laat? En God gee sy antwoord: ( Joz. 7:11) „Israel het gesondig en het ook my verbond oortree." Nie: Agan het gesondig nie - nee: ISRAEL. Waarom ? OMdat God sy volk as 'n eenheid sien, omdat elke gelowige deel vor van die liggaam van Christus, omdat wat die een Christen doen die geluk en welsyn van alle ander Christene persoonlik raak! Ja, God wil sy volk leer: EEN MAN KAN DIE OORSAAK WEES DAT 'N HELE GEMEENSKAP SWAAR LY. Nog meer - God wou sy volk leer: DAAR IS 'N LEWENDE VERBAND TUSSEN DIE NATUUR EN DIE MENS SE LEWE - en as die volk nie na God wil luister langs die gewone weg van sy openbaring in sy Huis en sy Woord nie, dan moet God spreek deur die natuur!

Laat dit ons nie besef: In hierdie oomblik moet ek alles en almal vergeet: my buurman en sy sonde of oortreding, my medemens en sy koudheid en afvalligheid van God - en moet ek my persoonlik voor God stel en vra: IS DIT EK, HERE?

Een man sondig - 36 boet met hulle lewe!

III Herstel volg alleen na belydenis en suiwering

IV Die ryke belofte van die dal v.d. dood as 'n deur v hoop!